

LIEDERE WAT IN DIE EREDIENSTE GESING WORD

Sondag 16 Oktober 2011

Oggenddiens 09:30			Aanddiens 18:00	
	Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1.	Psalm 42:3	Bl.214	Psalm 150:1 & 3	Bl.719
2.	Psalm 45:1, 9,16	Bl.230	Skrifberyming 12-2:4 & 5	
3.	Skrifberyming 12-3:1 & 2		Skrifberyming 8-1:1 & 2	
4.	Skrifberyming 1-2:2			
5.	Skrifberyming 1-1:1 & 7			
6.	Skrifberyming 13-2 (Amen)			



BEROEPING VAN 'N PREDIKANT

Baie dankie aan almal wat name ingedien het van predikante wat moontlik beroep kan word. Die proses verloop nou verder soos volg:
 Maandag 17 Oktober: Die Beroepingskommissie vergader en verwerk inligting met die oog op die kerkraadsvergadering.
 Maandag 24 Oktober: Die Kerkraad stel 'n dubbeltal saam tydens die kerkraadsvergadering. Sondag 30 Oktober: Die Gemeente beroep.



TUINWOONSTEL TE HUUR

'n Tuinwoning met twee slaapkamers en onderdakparkering te huur. Water en ligte, asook skoonmaakdienste, by huur ingesluit. Skakel Gerhard de Bruyn by 073 3940 546.



BROEDERS VIR DIE KERKERSANGDIENSKOOR



Alle **broeders** wat in die koor wil sing, kom asseblief **Woensdagmiddag 17h30 tot 18h00** na Jasmynweg 74, Flimieda vir 'n oefening.



SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 6 Sondag 16 Oktober 2011 Nommer 28

DIE SATAN SE SLINKSHEID

Die eerste vraag in die geskiedenis is deur die Satan gevra: “*Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?*” [Gen. 3:1]. Met hierdie vraag het die Satan God se bedoeling, dat Adam en Eva nie van die boom van alle kennis mag eet nie, aangeval. Satan val nie God se openbaring direk aan nie. Hy is uiters subtiel. ⁽¹⁾ Hy begin om God by die mens verdag te maak ... hy saai *twyfel* in die hart van die mens oor God se bedoeling met die verbod. ⁽²⁾ In die vraag wat die Satan vra *verdraai* hy God se woord verder. God het gesê die mens mag van al die bome in die tuin eet *behalwe* die een [Gen. 2:16-17] terwyl die Satan vra of hulle nie van een van die bome mag eet nie. Nadat die Satan *twyfel* gesaai het ten opsigte van God se bedoeling, en nadat hy God se woorde *verdraai* het, val hy God nou direk aan. ⁽³⁾ Die Satan *verwerp* God se Woord. Hy beweer God het nie regtig gesê wat die mens gehoor het nie. God het gesê as hulle van die boom van alle kennis eet sal hulle sterwe [Gen. 2:17]. Satan sê dat dit nie waar is nie, hulle sal nie sterwe nie maar soos God word [Gen. 3:4]. Na hierdie drieërlei aanval op God in die hart van die mens swig Eva en Adam [Gen. 3:6]. Deur al die eeue heen het die Satan se strategie en metode nie veel verander nie. Die duiwel se poging is steeds om God by die mens verdag te maak dat die mens God nie meer vertrou nie. In Oktober 2011, in die moderne eeu, verlei die Satan die mens daagliks op dieselfde wyse! Die Satan se hoofteken is *die WOORD VAN GOD!* En dit moet ons duidelik raaksien en ons daarteen staal. Ons moet daagliks daarop bedag wees. Sodra die Satan daarin slaag om God se Woord met twyfelvrae en skyn probleme in jou gemoed agterdochtig begin maak, het hy die stryd al halfpad gewen. Vir die res het jy innerlik klaar in duie gestort sodat die laaste pogings tot



Dr. Sarel van der Walt



Oggenddiens Tema: **DIE ONWAARSKYNLIKE [K/k]ANDITAAT**

Lees: Rigters 3:12-30

Teks: Rigters 3:15(a)

Ehud was links. In terme van die siening van daardie tyd, 'n onwaarskynlike kandidaat om 'n belangrike taak uit te voer. Maar God kyk nie na uiterlike geskiktheid nie, maar kies wie Hy wil. Hiervan is daar talle voorbeelde: Moses, Jeremia, en uiteindelik stuur Hy sy eie Seun ... in die oë van die Jode die mees onwaarskynlike kandidaat om Messias te wees. Maar Jesus het gekom en ons (die mees onwaarskynlikste kandidate om kinders van God genoem te word) skoongewas deur sy bloed.



Aanddiens Tema: **DIE HEILIGE GEES: GAWE EN GEWER**

Lees: Johannes 14:15-31 & Sondag 20

Teks: Johannes 14:16, 17

Die Heilige Gees is 'n gawe van die Vader en die Seun op Pinksterdag aan die gelowiges in Jerusalem, aan die Nuwe Testamentiese Kerk van die Here. Maar die Heilige Gees is nie net 'n gawe nie, maar ook 'n Gewer. Luister hoe mooi stel hierdie Sondagsafdeling dit: "Hy is ook aan my gegee [Gawe] sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly" [Gewer].



Die satan se slinksheid (Vervolg van bl.1)

Die Woord van God het 4 eienskappe: ➔ die Bybel het gesag [Ps. 119:105, 2 Pet. 1:19]. ➔ die Bybel is noodsaaklik [Kol.1:23, 2 Tim. 3:16]. ➔ die Bybel is duidelik [Ps. 19:8, Ps. 119:130]. ➔ die Bybel is genoegsaam [Deutr. 4:2, Open. 22:18-19]. hierdie 4 eienskappe van die Bybel val die Satan aan en hy wil laat lyk asof dit nie waar is nie. Met hierdie taktiek het die Satan gelowiges of bedrieg of gelowiges het in heftige konflik met die Satan en sy volgelinge gekom. Kompromie of konflik is die enigste twee reaksies op die Satan se sluwe taktiek.

- Die standpunt van kompromie is wanneer jy sê die Satan het dit reg dat God se Woord nie gesag het om jou lewe te reël nie. Dink maar hoe het die gelowiges se buigzaamheid gekom oor lotery, dobbelary, pornografie, egskending, naaktheid, Sondagviering!
 - Deur kompromie word jy verlei dat die Bybel nie noodsaaklik is nie. Die Satan verlei jou om te sê jy het nie God se Woord nodig om in 2011 suksesvol te kan lewe nie. Jý besluit wat is reg en verkeerd en laat nie toe dat God uit sy Woord vir jou voorsê nie.
 - Kompromie met die Satan beteken dat jy ook sê dat die Bybel nie duidelik is nie. Dan neem jy die standpunt in dat God se Woord nie duidelik uitspraak gee oor praktiese sake soos aborsie, vuil taal, onsedelikheid, bedrog en leuens nie.
 - 'n Kompromie met die Satan laat jou die standpunt inneem dat die Bybel nie genoegsaam is vir die optrede van die 2011-Christen nie. Dan verklaar jy dat as dit kom by sake soos kernoorlog, sport, Sondagviering, homoseksualiteit, lesbinisme en vrye liefde dan is daar eenvoudig nie genoeg waarheid in die Bybel om hierdie probleme mee op te los nie.
- God het ons geloof (Ef.2:8) gegee waaruit jy moet leef (Ps.25:4-5; Ps. 119:105). God wil hê dat ons as gemeente in staat kan wees om in alles volgens God se Woord te kan lewe (Rom. 12:21). Dit is die enigste maatstaf vir ons optrede. Waar anders wil jy sekerheid kry oor die sake van die dag en die probleme van die lewe. God se Woord is die kompas waarmee jy die regte rigting in jou diens aan God kan volg. Dit is ook die kompas wat jou die rigting sal laat behou en jou lewe opbuig langs skone heuwelrye tot voor die troon van God. Dit leer ons die regte insig, ontsenu die dwalinge van

hart en lewe, wys ons die pad terug en lei ons in die sfeer van geregtigheid. Alles in God se Woord is gerig op die saligheid. Dit is die krag van die Woord.

Dr. Nico van der Merwe

6. SIMBAAL 16 OKTOBER 2011

Uit oom Peet se pen - UIT LIEFDE ALLEEN



Broeders en Susters,

Onlangs het u twee preke gehoor oor **hoe** u die Here dien. Dis 'n vraag waaroor u ernstig moes gaan nadink het. Die volgende vraag kan wees – **hoekom** dien u die Here? Is dit omdat u Hom bo alles liefhet, of omdat u verlos is van al u sondes? Of is dit dat u God ken, dat u weet wie en hoe God is, dat Hy u elke dag bewaar deur sy Heilige Gees en vashou in u geloofstryd? Of sê u ook soos die manne van Maleagi 3:14: dit is tevergeefs om God te dien, sy verordeninge te onderhou, of om rouklere voor sy aangesig te dra... In die teks is dit die goddelose wat hul hart oopmaak deur die ingewing van Satan, God se vyand.

Daar is tog ook die wat deur die Heilige Gees bewaar en gelei word, die wat God dien omdat hulle Hom bo alles liefhet....nie eërs die wêreld en dan die liefdevolle Vader nie.

Broeder, suster, kind, neem jou Bybel, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur agter jou, lees en peins en worstel met God – daar waar net jy en God is. Bid om geloof, ware geloof. Bid God dat die Heilige Gees jou sal vashou, dat die Heilige Gees aan jou insig en wysheid sal gee, en bo alles – liefde vir God en jou medemens.

Kyk net na al die heerlike gawes wat God belowe aan hulle wat deur die kragtige ondersteuning van die Heilige Gees Hom dien en eer en bo alles liefhet. Jy moet die Woord lees en lees en weer lees en bly lees, sodat jy deur die onderskraging van die Heilige Gees God waarlik mag leer ken.

Dink aan al sy magtige werke, sy wonders. Peins ernstig oor wat Hy doen. Dien God met oorgawe en toewyding. Daarsonder is jy soos 'n boot sonder anker, wat stilweg van die hawe af wegvaar. Ontwaak, jy wat slaap, en sien hoe ver jy al weggedwaal het! As jy egter nog steeds deur God se genade getrou bly en Hom alleen dien, dank Hom daarvoor.... Bid vir God se Koninkryk, vir alles wat gedoen moet word om sy Koninkryk te laat kom. Bid vir elkeen in die besondere ampte. Sien uit na Jesus se wederkoms op die wolke. Ons dank ons Hemelse Vader vir elkeen wat getrou volhard.

Peet van der Walt (86)

SIMBAAL 16 OKTOBER 2011

3.

GELOOFSGROEI BYEENKOMS

Die kerkraad het 'n kommissie aangewys wat jaarliks 'n geleentheid reël ter toerusting van lidmate en om ruimte te bied waarbinne geloofsgroei kan plaasvind. Hierdie jaar se geleentheid vind plaas gedurende die naweek van **21-22 Oktober** (volgende naweek!) by die kerk en behels die kursus "ONTDEK JOU GAWES". Die kursus fokus daarop om in die lig van God se Woord tot die besef te kom dat elke gelowige bepaalde gawes ontvang het, dat hierdie gawes vir (en in) die kerk aangewend moet word en die wyse waarop dit gedoen kan word. Die program sal voorlopig soos volg daar uitsien:

VRYDAGAAND 21 OKTOBER

18:30 Formele opening

18:45 Ysbreker

19:15 Inleidende gesprek tot die res van die program

20:00 Braai en kenmekaar

SATERDAGOGGEND 22 OKTOBER

09:30 Dagopening

09:45 Kursus word voortgesit

13:00 Afsluiting


Ons versoek vriendelik, dog dringend, dat elkeen wat hierdie geleentheid wil bywoon, asseblief julle name sal opgee by my, Sarel (082 920 1601 /

sarel@gkklerksdorpnoord.co.za) of by Hennie/Martie

Venter (082 324 2713 / 073 826 3526 / eisi@vodamail.co.za), OF om

vandag jou naam op die lysie in die konsistorie of in die voorportaal te skryf. Dit is vir ons belangrik om 'n aanduiding van getalle te hê aangesien genoegsame kursusmateriaal hiervoor aangekoop moet word.

BELANGRIK: Bring jou eie Bybel, Psalmboek, pen EN potlood saam. Die res van die kursusmateriaal word voorsien. Vir Vrydagaand se kuier na afloop van die verrigtinge, bring jou eie vleis, eetgerei, drinkgoed en stoele.



- Sr. Hettie Grové het via oom Peet van der Walt hartlike groete aan die gemeente oorgedra.

4. SIMBAAL 16 OKTOBER 2011

KOLLEKTES			
Datum	By die diakens	Sakkies by die deure	
16 Oktober	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma	
24 Oktober	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma	
31 Oktober	Barmhartigheid	Bybelverspreiding	
7 November	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma	
GEMEENTEPROGRAM			
Sondag 16 Oktober tot Saterdag 16 Oktober 2011			
Sondag 16 Oktober	Oggenddiens	09:30	
Sondag 16 Oktober	Katkisasie Les 22	10:30	
Sondag 16 Oktober	Aanddiens	18:00	
Maandag 18 Oktober	Beplanningskommissie	18:00	
TEESKINKBEURTE			
Sondag 16 Oktober 2011	Wyke 11 & 12		
Sondag 24 Oktober 2011	Wyke 13 & 15		
Sondag 31 Oktober 2011	Wyke 16 & 17		
Verjaarsdae			
17 Okt	Phillip Nortman	Wyk 17	018-468-2747
17 Okt	Hanco Olivier	Wyk 23	
18 Okt	Louisa de Klerk	Wyk 16	018-468-3431
21 Okt	Fanie van der Walt	Wyk 08	018-468-8630
22 Okt	Susan Botha	Wyk 24	018-484-4774
Baie hartlik geluk met u verjaarsdag. Mag die Here jou nuwe lewensjaar besonderlik seën en aan jou vreugde en geluk gee.			



BYBELSTUDIE

1. SONDAG 23 Oktober 2011 ~ Die Hebreërbrief



19:00 – 20:00	In die konsistorie
2. WOENSDAG 26 Oktober 2011 ~ Lukas-evangelie	
10:00 – 11:00	In die pastorie

SIMBAAL 16 OKTOBER 2011

LIEF EN LEED



- **Sr. Emma Bezuidenhout** het die afgelope week weer chemoterapie ontvang.
- Ons dink in ons gebede aan 'n kleinkind van **Abrie en Bonnie Lotter** wat baie siek is. Seën op die behandeling toegebied.
- Ons bid vir **Annalize Booysen** se pa (wat 'n lidmaat in Orkney-gemeente is) wat terminaal is aan kanker. Mag ons hemelse Vader hom en die hele familie in sy troue liefde dra en versterk.

KATKISASIE-OPENING EN -UITSTAPPIE

Die katkisasie open vanoggend na die ere diens in die kerk soos gewoonlik. Die ouers van katkisanter word vriendelik versoek om saam met die kinders die opening by te woon sodat reëlins bespreek kan word vir die katkisasie-uitstappie op Saterdag 29 Oktober 2011.

DATUMVERANDERING OP GEMEENTEKALENDER

Ons gemeente vier hierdie jaar ons 30-jarige bestaan, en met die oog op ons feesviering het die kerkraad besluit om die jaarlikse Gemeente Samekoms-geleentheid (skaapbraai) te kombineer met 'n feesnaweek. Verder: In die lig van Stilfontein-gemeente se 50-jarige feesviering wat saamval met ons nagmaalnaweek, het die kerkraad besluit om ons nagmaal-naweek + Gemeente Samekoms + Feesnaweek te kombineer in een feesnaweek wat sal plaasvind gedurende die naweek van 19 & 20 November (dus is nagmaal een naweek vroeër as op die gemeentekalender). Die gevolg is dat enkele ander datums ook een week vroeër skuif. Hieronder is die lys van geleenthede wat geraak word deur die verskuiwings saam met die nuwe datums daarvoor:

- **Ondervraging van belydeniskatkisante: Maandag 31 Oktober om 18:30 in die konsistorie.**
- **Belydenisaflegging: Sondag 13 November.**
- **Ouderlingevergadering: Donderdag 17 November.**
- **Nagmaal: Sondag 20 November.**

Meer besonderhede oor die feesnaweek sal op 'n later stadium deurgegee word wanneer die reëlins daarvoor bevestig is.

